# SUNRIDGE VANDAG | SUNRIDGE TODAY

CONJUNCTI CRESCIMUS

**17 September 2021**

Geagte Ouers

**KITSNUUS**

Baie dankie aan die ouers wat die skool geskakel het om aan ons versoek te voldoen. Dit help ons om maatreëls in plek te plaas i.v.m. die verkeersprobleme wat ouers en personeel las gee.

**Skoolbywoning**

Al hoe meer ouers versoek om hul kinders om verskeie redes vroeg by die skool te haal. Neem asseblief kennis dat dit nie wenslik is nie en ons sal weier tensy dit om 'n mediese rede/ noodgeval gaan. Ons het bewys hiervoor nodig. U kind word vir die volle dag by die skool afgelaai en ons bied nie 'n gedeeltelike skooldag-diens nie.

Ons kan nie die skool sluit en leerlinge huis toe stuur soos dit ons pas nie – ons moet prosedures volg en die wette eerbiedig. Dit is u keuse om u kind skool toe te stuur, MAAR u kan ongelukkig nie die tydsduur bepaal nie.

Ons word gebombardeer deur ouers wat aanstaande week en die week voor die skool sluit 'n dag of twee wil steel. Ons kan dit nie goedkeur of daarmee saamstem nie, want daar is slegs 31 skooldae oor voor die eindeksamen vir Gr 4 – 7 wat op 11 November 2021 begin, en slegs 34 dae vir Gr 1 tot 3 voor die finale assessering wat op 15 November 2021 volstoom afskop.

Ons moet skouer aan die wiel sit om die vierde kwartaal se werk af te handel. Die druk is groot, want ons moet ons resultate teen 6 Desember 2021 aan die Onderwysdepartement voorlê. Ons moet ook vir 2022 beplan en alles finaliseer sodat rapporte op 15 Desember 2021 aan ouers oorhandig kan word.

**Laaste skooldag van kwartaal 3**

Sedert Augustus moes ons ons Vrydae verleng om tyd in te haal van tyd wat verlore gegaan het deur die trapsgewyse huis toe gaan tyd. Die laaste skooldag moes ook verleng word en ons kon nie meer om 11:00 sluit soos bepaal nie.

Om ouers te ondersteun sal die skool op 1 Oktober 2021 om 10:00 uur vir Gr 1 – 3, om 10:30 vir Gr 4 en 6 en om 11:00 vir Gr 5 en 7 sluit. Dit is om die verkeersdruk te verlig en sosiale afstand te handhaaf. Rapporte sal aan leerlinge in die klas oorhandig word net voordat hulle verdaag. Dit kan dalk nie vir almal gerieflik wees nie, maar dis al manier wat ons u kan bystaan.

Indien u kind om een of ander rede nie skool bywoon nie, sal die rapport op die eerste dag van die vierde kwartaal aan u kind oorhandig word. Buitengewone omstandighede sal deur info@sunridge.co.za hanteer word.

Dear Parents

**SNAP NEWS**

Thank you so much to parents who phoned in today, complying with our request. This assisted us in keeping the gates open and to put measures in place to support parents and staff facing traffic probems.

**Attending School**

We are encountering more and more parents requesting, for various reasons, to fetch their child early . Please note that it is inappropriate and we will refuse if it is not for a medical reason/ emergency of which we will require proof thereof. You drop your child off at school to attend the full day - we do not offer "part of" a school day as a service.

We cannot close the school as we see fit and send learners home as we please and we must follow procedure and legislation. It is your choice to send your child to school or not BUT you can unfortunately not choose the duration thereof.

We are bombarded with parents wanting to steal a day or two during next week and the week before the school closes. We cannot approve nor agree to it as there are only 31 school days left before the final exams for Grade 4 - 7 start on 11 November 2021 and 34 days for Grade 1 - 3 before their final assessments on 15 November 2021. We are working at full steam.

We need to work hard to complete the fourth term's work. The pressure is on as we must submit our results by 6 December 2021 to the DOE and then produce schedules, plan for 2022 and finalise everything before handing out reports to parents on 15 December 2021.

**Last day of term 3**

From August we lengthened our Fridays so as to catch up time lost on staggering home times. The last school day was also lengthened and we could not close at 11:00 as prescribed.

To support parents school will close on 1 October 2021 at the following times: 10:00 for Grade 1 – 3; 10:30 for Grade 4 and 6 and 11:00 for Grade 5 and 7. This is to relieve the traffic congestion and to be able to maintain social distancing. Reports will be handed to learners in class just before they leave. This might not be to the liking of all but it is the only way we can assist you.

If your child for whatever reason does not attend school, their report will be handed to them on the first day of the fourth term. Exceptional circumstances will be dealt with through info@sunridge.co.za.

**"It's so important to have manners and treat people from all walks of life the way they should be treated." David Beckham**

Sonskyngroete/ Sunshine greetings
M DE VRIES
Skoolhoof / Principal